DIE BURGER, bl. 14 18 OKTOBER 2007

'Dwaalpad' van NG Kerk eindig

JOHANNES DE VILLIERS

GOUDINI. – Die beskuldiging dat die NG Kerk ketters is weens sy steun vir apartheid, is gister finaal deur dr. Allan Boesak begrawe.

"Dit is nou verby," het hy plegtig voor die NG Kerk se sinode Wes- en Suid-Kaapland verklaar.

Boesak het in sy hoedanigheid as Kaapse moderator van die VGK gereageer op 'n besluit wat dié NG sinode die vorige dag geneem het. Die NG Kerk het besluit om amptelik 'n besluit van 1857 te herroep – die besluit dat NG lidmate in wit, bruin en swart kerke nagmaal afsonderlik kan vier weens die swakheid van sommige lidmate (wat nie saam met nie-wittes wil aanbid nie).

Boesak, wat eergister se besluit van die NG Kerk as 'n "moment van onbeskryflike historiese en teologiese waarde" beskryf het, het in respons daarop gesê 'n 1982-besluit van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) dat die NG Kerk op 'n dwaalpad is met sy steun vir apartheid, kan nou ook finaal begrawe word.

Boesak en die destydse NG Sendingkerk het 'n sleutelrol gespeel in die WBGK se besluit om die NG Kerk van dwaling te beskuldig.

"Met hierdie besluit (die NG Kerk se herroeping van die 1857-besluit) is daar geen meer rede om die beskuldiging van dwaling ten opsigte van die NG Kerk te handhaaf nie," het Boesak gister gesê.

"Die besluit van 1857 was die teken van die eksklusiwiteit van menslike swakheid; die besluit van 2007 is die teken van die inklusiwiteit van God se omhelsing.

"Van nou af sal die nagmaal ons nooit meer herinner aan die 'swakheid van sommige' nie, maar slegs aan die oneindige genade van God in Jesus Christus en die krag van daardie genade wat vir ons genoeg is."

Boesak meen wyle prof. Willie Jonker, NG-teoloog wat 'n belangrike rol in die NG Kerk se afskeid van apartheid gespeel het, se "hart moet sing van blydskap waar hy nou is".

Ná Boesak se toespraak het afgevaardigdes van die NG sinode hom staande toegejuig.

'n Dokument met die NG Kerk se amptelike herroeping van die 1857-besluit is ook seremonieel deur dr. Braam Hanekom, Wes- en Suid-Kaapse moderator van die NG Kerk, aan Boesak oorhandig.